NR. 8

1 MAART 2023

# MENLO-WEEKLIKS

Bly elke week op hoogte van ons Parkie-gebeure

## BOODSKAP VAN HOOF

### MNR. GERHARD PIETERSE

"Dis omdat ek van myself hou as ek by jou is," het hy gesê.
Dit was 'n groot verligting toe ek besef dat 'n kind veel meer as feite nodig het. Ek ken Wiskunde goed en onderrig dit goed. Ek het aanvanklik gedink dit is al wat nodig is. Maar nou onderrig ek kinders, nie Wiskunde nie. Ek aanvaar die feit dat ek net gedeeltelik kan slaag met party. Selfs al het ek nie al die antwoorde nie, het ek steeds meer antwoorde as toe ek 'n deskundige probeer wees het. Die kind wat my dit laat besef het, is Eddie. Op 'n dag het ek hom gevra hoekom hy soveel beter vaar as die vorige jaar. Hy het betekenis aan my nuwe benadering gegee.
"Dis omdat ek van myself hou as ek by jou is," het hy gesê
**('n Onderwyser, soos aangehaal deur Everett Shostrom)**

Geagte Parkie–ouers en – personeel,

Mag dit wees dat ons in ons vennootskap as die opvoeders (ouer en onderwysers) van ons kinders, daagliks daarin sal slaag dat kinders van hulself sal hou as gevolg van jou.

Kinders het die geneigdheid om merkwaardige vordering te toon t.o.v prestasie, na mate hul selfbeeld verbeter. Gevolglik kweek ons gelukkiger kinders.

**Akademie**:
Alle assessering is bykans afgehandel vir kwartaal een, ons gaan egter onverpoos voort met akademiese onderrig soos voorgeskryf deur die nasionale onderrigplan.

**Sport en kultuur:**
Die atletiekseisoen staan einde ae kant toe, baie geluk aan ons vyf atlete met die puik prestasie, om deur te dring na Gauteng-Noord. Hulle is: Jessie Botha(o/9-60m), Skye-leigh Brits(o/10-Gewigstoot), Simon Slabbert(o/10-Gewigstoot), Armand Botma(o/11-Gewigstoot), Nika Pienaar(o/13-Verspring)

Intussen is ons personeel en kinders aktief besig met verskeie ander sport- en kultuuraktiwiteite. Maak seker dat u die Menlo-weekliks bestudeer om so uself op hoogte te hou van die miernes van aktiwiteite wat weekliks op ons wag.

‘n Geseënde week vir u.

Wees Fier!

Groete

Gerhard Pieterse



# 'n Stukkie argief









# DAGBOEK

| WOENSDAG 1 MAART 2023 | |
|---|---|
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 09:00 | Gholfdag |
| 10:30 | Atletiek: Meriete-funksie te Constantiapark |
| 13:00 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9-en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 & oopspanne) |
| 16:30 | Voortrekkers: Spanbyeenkoms |
| **DONDERDAG 2 MAART 2023** | |
| 06:15 | Swem: Aflosoefening (swemspan) |
| 07:30 | ISF: Toets: Afr (Gr.4-6) + NW (gr.7) |
| 14:00 | Rugby: Vriendskaplik teen Magalieskruin (tuis) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) |
| **VRYDAG 3 MAART 2023** | |
| 07:30 | Klere-inspeksie (gr. 1-7) |
| 14:00 | Netbal: Netbalkursus te Sportisimo |
| 14:00 | Swem: Liga te Pretoria-Oos |
| **SATERDAG 4 MAART 2023** | |
| 08:00 | Netbal: Netbalkursus te Sportisimo |
| 08:00 | Rugby: 1ste-Span te Midstream College |
| 08:00 | Netbal: Distriksproewe o/12 + 0/13 |
| 09:00 | Redenaars: gr.7-span |
| **SONDAG 5 MAART 2023** | |
| 08:00 | Netbal: Netbalkursus te Sportisimo |
| **MAANDAG 6 MAART 2023** | |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 2-3) |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 4-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:30 | Krieket: Oefening (gr. 1) |
| 13:30 | Redenaars:gr.7-span |
| 13:45 | Algemene kennis: gr.7-span |
| 12:00 | Swem: A-liga te Hillcrest (vertrek om 11:20) |
| 14:00 | Tennis: Liga |
| 16:00 | Rugby: Oefening (1ste span) |
| 17:30 | Seniorkoor: Oefening |
| **DINSDAG 7 MAART 2023** | |
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/9 & o/10) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) |
| 14:00 | Hokkie: 1ste span proewe (Dogters) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/11 & oopspanne) |
| **WOENSDAG 8 MAART 2023** | |
| 06:30 | Tennis: Oefening |
| 13:30 | Redenaars: Individuele oefening |
| 13:30 | Skaak: Groepsafrigting (gr. 1) |
| 13:30 | Skaak: Uitspele vir ligaspanne (gr. 2-7) |
| 13:30 | Juniorkoor: Oefening |
| 13:45 | Seniorkoor: Oefening |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/9 en o/10) |
| 16:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |
| **DONDERDAG 9 MAART 2023** | |
| 14:00 | Rugby: Oefening (o/9 & o/10) |
| 14:00 | Netbal: Oefening (o/7 – o/13) |
| 14:00 | Hokkie: 1ste span proewe (Seuns) |
| 15:00 | Rugby: Oefening (o/11 en oopspanne) |

| | |
|---|---|
| **VRYDAG 10 MAART 2023** | |
| 06:45 | Bybelvasvrae: Oefening tot 7:30 |
| 13:00 | Redenaars: Super 12 te Laerskool Elarduspark |
| 14:00 | Atletiek: GISSA te Ruimsig |
| 14:00 | Gholf: Uitdunne |
| **SATERDAG 11 MAART 2023** | |
| 08:00 | Atletiek: GISSA te Ruimsig |
| 08:00 | Rugby: Vriendskaplike wedstryde te Vastrap (Rustenburg) |
| 08:00 | Netbal: Vriendskaplike wedstryde te Randhart |
| 08:00 | Bulletjierugby te Monumentpark |
| 08:00 | Redenaars: Super 12 te Laerskool Elarduspark |
| 08:00 | Ruitersport |
| **SONDAG 12 MAART 2023** | |
| 08:00 | Ruitersport |

# KLERE

**NUWE WINTERSDRAG GRAAD 4-6**

Geagte ouers,

Ons beplan om teen **2024** oor te skakel na nuwe wintersdrag. Hierdie jaar sal dien as 'n **oorgangsjaar**. Die nuwe wintersdrag behêls dat die g**raad 4-6** leerlinge nie meer in die winter daagliks met hulle sweetpakke skool toe kom nie. Sweetpakke sal dan slegs gedra word tydens LO-en sportdae.
Sien onder die nuwe wintersdrag vir graad 4-6 leerlinge.

Die **graad 1-3** leerlinge gaan steeds hul sweetpakke daagliks dra gedurende die winter.

Die **graad 7**-leerlinge dra hul formele graad 7-drag.

Bokkiedrag gaan binnekort die kakie-langbroek verskaf. Indien leerlinge 'n kakiebroek by 'n ander winkel koop, moet daar net seker gemaak word dat dit by die skoolafdeling gekoop word. **Geen** "skinny" broekspype mag gedra word nie.

Leerlinge kan ook die "fleece top" onder die baadjie aantrek. Die "fleece top" mag nie sonder die baadjie aangetrek word nie.

Sien reëls hieronder.

**LO-DRAG GRAAD 1-7**

Die huidige LO-T-hemp waarop staan MENLOSPORT word ook uitgefaseer.
Die leerlinge **mag** dit nog **die jaar** dra vir **LO** asook **sportoefening**.

Die oorblywende voorraad word teen R50 verkoop by Bokkiedrag.

Vanaf 2024 gaan leerlinge die algemene sporthemp dra saam met die bestaande LO-broek. Dogters mag die moulose-of hemp met moue dra.

**WINTERSDRAG (tweede-en derde kwartaal)**

**LO-DRAG (Graad 4-7)**

1. **SWEETPAK**: Voorgeskrewe bottelgroen-en wit baadjie en bottelgroen sweetpakbroek met wit en geel insetsel.
2. **HEMP**: Voorgeskrewe bottelgroen gholfhemp. (Algemene sporthemp) Geen t-hemp onder gholfhemp nie.
3. **SKOENE**: Wit tekkies
4. **KOUSE**: Seuns en dogters: Menlokouse (anderskleurige kouse of “secret socks” word nie toegelaat nie).

**ALGEMEEN (Graad 4-6)**


1. **DOGTERSROMP:** Broekromp in voorgeskrewe geruite materiaal. Die broekromp of romp moet nie minder as 10 cm bokant die knie wees nie.
2. **SEUNSBROEK:** Kakie langbroek met swart gordel.
3. **HEMP:** Voorgeskrewe bottelgroen gholfhemp (langmou of kortmou). Geen t-hemp onder gholfhemp nie.
4. **BAADJIE:** Voorgeskrewe bottelgroen-en wit baadjie.

7. **SKOENE:** Swart standaard skoolskoene (met veters of bandjies vir dogters).
8. **KOUSE:** Dogters: Groen sykouse
   Seuns: Lang kakie kniekouse

**ALGEMEEN en LO-DRAG (Graad 1-3)**

1. **SWEETPAK**: Voorgeskrewe bottelgroen-en wit baadjie en bottelgroen sweetpakbroek met wit en geel insetsel
2. **HEMP**: Voorgeskrewe bottelgroen gholfhemp (Algemene sporthemp). Geen t-hemp onder gholfhemp nie.
3. **SKOENE**: Wit tekkies
4. **KOUSE**: Seuns en dogters: Menlo- kouse (anderskleurige kouse of “secret socks” word nie toegelaat nie).







## Graad 4-6 Wintersdrag

- ☑ Kakie langbroek
- ☑ Swart gordel
- ☑ Langmou/kortmou bottelgroen gholfhemp
- ☑ Swart standaard skoolskoene
- ☑ Bottelgroen-en wit baadjie (Sweetpak-baadjie)








## Graad 4-6 Wintersdrag

- ☑ Broekromp
- ☑ Langmou/kortmou bottelgroen gholfhemp
- ☑ Groen sykouse
- ☑ Swart standaard skoolskoene
- ☑ Bottelgroen-en wit baadjie (Sweetpak-baadjie)

# BOKSKAR INRY TEATER







**Bou jou eie bokskar en kom geniet 'n fliek by ons buitelug inryteater op die A-veld.**

## Donderdag 16 Maart

**17:30 vir 18:00**

**KAARTJIES: R120**
**SLUIT 'N FLIEK, POPCORN EN BUBBLE-TEE IN**


# PROJEKTE

**ME. A. WILKEN**

**BOKSKAR-INRYTEATER**

Ons is baie opgewonde om op **Donderdag, 16 Maart,** ons eerste bokskar-inryteater geleentheid vir ons leerlinge aan te bied. Hierdie inisiatief vervang ons karskardag vir 2023. Ons gaan 'n groot skerm inryteater skep vir die leerlinge op die A-veld. Kaartjies beloop R120. Saam met hul kaartjie ontvang hul springmielies en "bubble-tea". Daar sal ook worsbroodjies en pizza te koop wees gedurende die aand.

Leerlinge bou hul eie kar uit 'n kartonboks waarin hul gaan sit om die film te kyk. Dit moet 'n baie eenvoudige kar wees, net groot genoeg vir die leerling om gemaklik te kan sit. Daar is pryse vir die mooiste versierde bokskar.

Ouers is ook welkom om kaartjies te koop en saam met ons die film te geniet deur u eie kampstoel te bring. Ouers gaan net heelagter hul sitplekke moet inneem op kampstoele.

**Riglyne vir bokskar**
Maksimum hoogte: 50cm
·Geen gevaarlike voorwerpe
·Versiering-temagerig

**Wenners van mooiste versierde kar**
1ste prys: R600
2de prys: R300
3de prys: R100

**Inryteaterkaartjies:** R120
**Sluit in:** Film, springmielies en "bubble-tea"

**Gelukkige trekking**
Teen R20 kan ouers en/of leerlinge 'n kaartjie koop vir die gelukkige trekking. Ouers wat die gelukkige trekking wen, kan saam met 3 ander mense in die "VIP"-afdeling gaan sit waar daar gemaklike sitplekke sal wees, en u bedien sal word met heerlike versnapperinge en wyn. Leerlinge wat die gelukkige trekking wen kan saam met 3 ander maats in hul "VIP"-area sitplek inneem waar hulle bedien gaan word met pizza en koeldrank.

**Program**

17:30 Hekke maak oop

18:00 Beoordeling van karre


18:30 Film begin

20:00 Film klaar

**Reëlings**

- Hierdie is 'n fondsinsamelingsprojek. Ons vra asb dat leerlinge die verkope van die hotdogs, pizza, lekkernye en drinkgoed sal ondersteun.
- Geen "gazebo" mag opgerig word nie.
- Ons moedig dit aan dat elke leerling hul eie kar bou. Indien leerlinge deel, moet dit 'n groot genoeg kar wees en by die bouriglyne hou.
- Niggies of nefies is welkom, maar hulle kan nie in aanmerking kom vir die pryse nie.
- Ouers neem sitplek in agter die leerlinge op hul eie kampstoele.

**Uitleg**




**Die bekendstelling van die film wat gewys gaan word sal komende Maandag in die saal bekend gemaak word.**

#SkoolMetDie GROOTSTE GEES

WEES FIER

LAERSKOOL MENLOPARK

# GROOT "WARM" GEE

Maak leeg jou kas en vul iemand anders se hart.

Alle items, wat iemand hierdie winter kan warm hou, kan geskenk word.
Kom ons wys ons groot, warm Parkie harte.

**JASSE,BAADJIES, TRUIE, SERPE, KOUSE, LANGBROEKE EN KOMBERSE.**


**STUUR SWART SAKKE MET ITEMS NA U KIND SE VOOGONDERWYSER VOOR 30 MEI.**

70 wees fier!

GYS PITZER MOTORING
TRADING QUALITY GUARANTEED

GROOTFM GAAN GROOT 90.5

# Die feesjaar winkel is oop!!




**KLIEK HIER**

# Eerste rondte bestellings sluit 15 Maart.

# Open weer 5 Mei-15 Junie

# Feesjaar kalender

70 wees fier!

| | |
|---|---|
| MRT 01 | GHOLFDAG |
| MRT 16 | BOKSKAR-INRYTEATER |
| MEI 26 | WYNVEILING |
| JUN 02 | GROOT GEE |
| SEP 20-22 | REVUE |
| NOV 04 | GEMSBOKFEES |

# SKAAK

**ME. M. ERASMUS**

Op Saterdag en Sondag, 25 en 26 Februarie, het 6 van ons skaakspelers aan Rondte 2 van die "South African Online Youth Closed Championships" deelgeneem.

**o/12-dogters**

| | | |
|---|---|---|
| Nadine de Waal | 5½ uit 7 | (2e ) |

**o/12-seuns**

| | | |
|---|---|---|
| Reuben Ribbens | 2 uit 5 | (3e) |
| Adriaan Truscott | 2 uit 5 | (4e) |

**o/12-dogters**

| | | |
|---|---|---|
| Frans-Leigh Roberts | 6 uit 7 | (2e) |
| Ané Truscott | 3 uit 7 | (5e) |
| Anabelle Pistorius | 2½ uit 7 | (6e) |

**Nadine de Waal, Reuben Ribbens, Adriaan Truscott** en **Frans-Leigh Roberts** sal op 11 en 12 Maart aan Rondte 3 deelneem. Indien hulle daarna kwalifiseer, sal hulle die geleentheid kry om vanaf 5 – 12 Junie aan die "World Youth Rapid and Blitz Championships" in Batumi (Georgia) deel te neem.

Ons is baie trots op al ons skaakspelers!

# ENGLISH PUBLIC SPEAKING

ME. K. SMITH

On the 20th of April 2023 at 17:00 grade 4-7 pupils can participate in the English public speaking evening.
The length of the speech in grade 4-5 is 3 minutes and grade 6-7 is 4 minutes.

Please note that the speech must consist of 3 arguments. People must make use of quotations (people/newspaper/magazine/web).

ENTER HERE

**The topics are:**
Grade 4-5
1.If my schoolbag could talk, what would it say?
2.The three things that annoy me the most.
3.The strange things that you have to do on your birthday or weird things that happen on your birthday.

**Grade 6-7**
1.The day when my father cooks for us …
2.If I could design anything, it would be … Why?
3.The 3 things you would do if you didn't have to go to school…

# AMESA

**ME. J. TRUTER**

**AMESA Wiskunde Uitdaging**

Baie dankie aan al die leerlinge wat ingeskryf het. As gevolg van die botsing op Dinsdag 14 Maart skuif ons die olimpiade na Woensdag 15 Maart. Indien daar nog enige botsings is, is die kinders welkom om met Me. Joey Truter 'n reëling te tref.

**Datum**: Woensdag 15 Maart 2023
**Tyd**: 13:40 – 14:40

Groete
Wiskunde-personeel

# SWEM

**ME. C. MULLER**




# BERGFIETS

**ME. A. BESTER**

Ons skop ons bergfiets-seisoen af met ‘n groot fees op die **8ste Maart,** vanaf **15:30-16:30** by die **pump-track** oorkant Laerskool Menlopark.

Bring jou fiets, valhelm en waterbottel saam en kom kyk waaroor bergfiets gaan.

**Belangrike datums vir die eerste kwartaal:**
- 8 Maart -Opedag vir bergfiets (15:30-16:30)
- 15 Maart-Oefening
- 22 Maart-Oefening
- 11 April-Massa oefening (Inligting sal deurgegee word.)
- 12 April-Oefening
- 26 April-Oefening
- 3 Mei -Oefening

**Gauteng Noord skolereeks 2023 (XCO) datums:**
- 6 Mei-Prime View Estate
- 17 Junie-Grootfontein
- 19 Augustus-Cowhouse
- 2 September-Prime View Estate
- 9 September-TBC
- 16 September-TBC

# PARKIES PRESTEER BUITE SKOOLVERBAND

Op Saterdag 25 Februarie het Miné, Jason en Josh vir die die o/9-Falcons 1 Football span gespeel. Hul het twee wedstryde gewen en twee gelykop gespeel.
Baie geluk julle!






Kara du Plessis (Gr 7.) het op Sondag, 26 Februarie, aan die "SA Youth Supersprint Triathlon Championship" te Masselspoort, in Bloemfontein deelgeneem.

Sy het 'n 6de plek in die ouderdomsgroep (12-15) behaal. Die afstande: 400m swem, 10km fiets, 2.5km hardloop.

Ruhan van Rooy (Gr 5), het verlede naweek (24-26 Februarie) deelgeneem aan die Karate Provinsiale kampioenskappe.

Hy het 'n 1ste plek behaal en daarmee saam is hy dan ook gekies om Gauteng te verteenwoordig by Karate SA's (elite) in Maart.



Die afgelope naweek het Anrich Kruger(gr.4) en Karli Luyt (gr.2) aan die Noord-Gauteng Tweekampkampioenskappe deelgeneem en albei het 'n 2de plekke behaal in hulle betrokke ouderdomsgroepe.
Karli Luyt, Anrich Kruger en Mila Niemand (gr.2) het al 3 gekwalifiseer om in die April-vakansie aan die SA-Tweekampkampioenskappe in Stellenbosch deel te neem en so Noord-Gauteng te verteenwoordig.

Laerskool Menlopark se tweekampspan het ook gekwalifiseer om aan die SA's deel te neem.

Vir plasings: epos menloweekliks@menlolaer.co.za


Parkieland
Pretloop
2023
Parkieland is PRET!
Ons is die Kalfies, groot en sterk!
MENLOPARK
WENSPAN!
Olifante bo!

WEES FIER
LAERSKOOL MENLOPARK

# MENLO ADS

Vir plasings e-pos
menloweekliks@menlolaer.co.za



# FOR SALE!

- ***5 Bedrooms***
- ***Close to Laerskool Menlopark***
- ***Walking distance from Boys High***



## SEPARATE 110 SQUARE OFFICE WITH OWN ENTRANCE

**Closed Baileys Muckleneuk area**

Contact: 082 857 4416

Tutor Connection

# BEGIN VANDAG MET EKSTRA KLAS

Ekstra Rekeningkunde, Wiskunde, Fisiese Wetenskapklasse en NOG MEER!

**KONTAK**
**INFO@TUTORCONNECTION.CO.ZA**
**VIR MEER INLIGTING**


KUMON
WISKUNDE ENGELS
Wiskunde Engels Sukses
spesiale aanbod
FEB
Gee jou kind 'n voorsprong
Afslag op jou inskrywingsfooi in Februarie
Menlo Park Kumon – Sarina 083 675 4321

ALL EQUIPMENT INCLUDED

playgolf

# GOLF LESSONS FOR KIDS





SCAN HERE TO ENROL

SCAN ME

## FUN & CREATIVE GOLF LESSONS FOR 5-12 YEAR OLD CHILDREN

### FEE OPTIONS:

**Monthly: R310**

**or**

**Termly: R850**

**Annual Registration: R195**

(Incl equipment, Playgolf cap, badge and progress reports)

### DAYS/TIMES:

**Wednesdays**

**13:45-14:30**

(Lessons are once per week)

**LESSONS PRESENTED AT YOUR SCHOOL!!**

072 607 7505

info@playgolfkids.com

# NEW SWIM SCHOOL

## OPEN IN MENLO PARK

## GET IN TOUCH!

**069 902 5632**

helpme@schwem.co.za

28 Seventeenth Street, Menlo Park

SCHWEM

-SWIM SCHOOL-

# Bags for Books

school. sorted.

## SENIORFASE BOEKSAKKIE PAKKET




"MENLO" BOEKSAKKIE OPSIONEEL EKSTRA @ R175

GR. 4-6 PAKKET (7 SAKKIES)
**R 1183**
GR. 7 PAKKET (9 SAKKIES)
**R 1520**
SPESIAAL MET U KIND SE NAAM OP

www.bagsforbooks.co.za
Saartjie 082 229 6936
hello@bagsforbooks.co.za
bags.forbooks
Bags for Books